

Berg-en-Dal Gebedsbrief: Somer 2026

Here, U sien dwarsdeur my,
U ken my.
2Of ek sit en of ek opstaan, U weet dit,
U ken my gedagtes nog voordat hulle by my opkom.
3Of ek reis en of ek oorbly, U bepaal dit,
U is met al my paaie goed bekend.
4Daar is nog nie 'n woord op my tong nie
of U, Here, weet wat dit gaan wees.
5U omsluit my van alle kante,
U neem my in besit.
17Hoe wonderlik is u gedagtes vir my, o God,
hoe magtig hulle almal!
23Deurgrond my, o God, deurgrond my hart,
ondersoek my, sien tog my onrus raak.
24Kyk of ek nie op die verkeerde pad is nie
en lei my op die beproefde pad!

~PSALMS 139~



Here, Suid-Afrika gaan binnekort na die stembusse. Nie net bid ons dat dit vry en regverdig sal wees nie, maar ons bid vir waarnemers en almal wat moet bydra daartoe dat alles vlot verloop by die stembusse. Mag dit ‘n vreedsame paar dae wees in aanloop tot Stemdag. Ons gebed is vir ‘n uitkoms wat ons munisipaliteite en land op ‘n beter pad sal sit. Ons bid vir beter leierskap, tot voordeel van almal in ons land.



Ons kan nie anders as om weer voor U te kom staan met die situasie van ongekende misdaad, geweld, moord en doodslag in ons land nie. Ons is bekommerd daaroor Here, want daar kom geen oplossing nie. Ons bid dat U liefde die boosheid in mense sal verdryf. Help ons dat U lig sal val wanneer ons soekend is na antwoorde en oplossings sodat die streep van hartseer en verwoesting nie die laaste sê sal hê nie.

 Die matrieks is reeds ‘n ent weg met hulle finale eksamen. Ons bid vir deursettingsvermoë vir hulle, om die jaar goed en suksesvol af te sluit. Wees asseblief by al ons jonger kinders wat reeds eksamen skryf, ook met studente. U weet wat dit van elke kind verg, hou hulle asseblief gefokus en sterk.

 Ons dink nie net aan ons eie land nie, Here, daarom bid ons ook vir lande oor die wêreld wat gebuk gaan onder oorloë. Willem en Alla het onder ons aandag gebring hoe fel die aanvalle en lewensverlies daar rondom hulle is. Ons dink aan hulle en bid saam met hulle vir vrede in Oekraïne. Ons dra ook hulle persoonlike behoeftes, soos die gesondheid van hul pa en voornemende studies van hulle dogter aan U op.

 Dankie vir die getroue bediening van DEGNOS aan die SAN mense in Namibië. Seën asseblief hulle werk. Ons weet dat ons net die saaiers is, dit is U wat laat groei. Saam daarmee bid ons vir die bediening van U woord aan Moslems in die Midde-Ooste en ons dra ook die werk en sending van Missie Japan aan U op. Dankie vir U kinders wat hulle roeping ook daar uitleef.

 Ons kan ons nie voorstel hoe dit sal wees sonder mense wat werk in ons gesondheids- en beskermingsdienste nie. Hulle werk word baie keer as vanselfsprekend aanvaar en dit is dikwels ‘n baie ondankbare werk, met ongenaakbare ure. Baie dankie vir die werk wat hulle doen, Here. Hulle is tot groot seën en van onskatbare waarde vir ons. Help hulle asseblief om positief en sterk te bly.

 Siekte en moeilike omstandighede bly deel van ons lewe hier op aarde, Here. Ons wil almal in ons gemeente met wie se gesondheid dit moeilik gaan, by U kom neersit. U ken elke huis, elke bed, elke persoon by die naam. U weet van almal se omstandighede. Dankie dat ons aan U kan vashou in tye wanneer dit swaar gaan.

 Wanneer ons lees en hoor van droogte, hittegolwe en dreigende veldbrande, wil ons bekommerd raak. Ons weet U hou alles in stand. U laat storms bedaar en ‘n wolkie so groot soos ‘n man se hand, het uiteindelik reën gebring. Ons vertrou op U Here, vir reën en vir daaglikse brood.

 Berg-en-Dal kyk terug op ‘n jaar vol van U goedheid. Ons het ‘n geseënde feesjaar agter die rug en ons het baie om voor dankbaar te wees. Dankie dat ons kan bely, op berge en in dale, is en was U oral. Hou asseblief ons leraars, personeel en gemeentelede veilig wanneer almal met vakansie gaan. Laat almal in die komende Kersgety weer onder die indruk kom van U verlossing en dat U Immanuel is, God altyd by ons.

~AMEN~